

# **B KLINDT BESOEK AAN "CENTRE FOR THE STUDIES OF CO-OPERATIVES"**

## **UNIVERSITY OF SASKATCHEWAN**

### **SASKATOON, CANADA**

Ek deel graag met ons lede die ervaring wat ek gehad het met my onlangse besoek aan die "Centre for the Studies of Co-operatives" by die Johnson Shoyama Graduate School of Public Policy aan die Universiteit van Saskatchewan in Saskatoon, Kanada. Dit is sover bekend die enigste tersiêre instelling ter wêreld wat koöperasiewese in diepte ondersoek en as vakrigting aanbied. Die besoek is met dank moontlik gemaak deur die goedkeuring van die Direksie om aan my die geleentheid te bied asook studieverlof toe te staan om myself beter toe te rus vir die taak om Vilko as koöperatiewe ondernemingsvorm te meet aan internasionale standaarde.

Plaaslik is koöperasies as ondernemingsvorm besig om uit te sterf terwyl dit ons oortuiging is dat dit die beste voertuig is om ons boerelede in die landbou te bedien. My spesifieke belangstelling het gelê in die funderingsaspekte van koöperasies in die VSA en Kanada waar die ondernemingsvorm nog redelik algemeen gebruik word. In Kanada was daar ook oor die afgelope twee dekades baie omskakelings van sogenaamde "Mutuals" (co-ops) na "IOF's" (Investor Owned Firms) maar in die landelike omgewings word koöperasies algemeen gebruik om boere te bedien. Ek was tydens navorsing veral getrek deur die werk wat die universiteit doen in terme van "case studies" en dit dan gebruik in konsultasie diens aan koöperasies wat van hulle ekspertes wil gebruik maak. Ook word koöperasiewese as vak aangebied by die landbou fakulteit waar dit deel vorm van die Johnson Soyama Graduate School of Public Policy.

Met 'n goed gereelde vooraf program is ek ontvang deur Mev Audra Kreuger, program koördineerder van die Centre wat my geneem het op 'n besigtigingstoer van die skool asook 'n plaasbesoek na haar ouers toe. Haar Pa is toevallig die vise voorsitter van die Borden Co-op ongeveer 45 myl uit Saskatoon. As graanboer het hy my baie uit 'n lid se perspektief verduidelik hoe die koöperasies vir hulle van waarde is veral op die verskaffing van inset middele. Hulle gebruik weer 'n ander co-op vir krediet verskaffing, amper soos ons Landbank. Hulle maak ontsettend gebruik van tegnologie op alle vlakke soos plant, oes, droog en selfs bemarking. Hy boer 'n 5800 akker plaas met net homself en sy seun, geen werkers.

Ons het ook 'n handelstak van die Saskatoon Co-op besoek en dis regtig verbasend hoe baie ons ooreenstem met hulle op takvlak. Opmerklik egter is hulle brandstof vulstasies wat totaal en al self help is met 'n kaartstelsel waar jy self jou "gasoline" of diesel met jou co-op

kaart ingooi. Verder kan Jan Alleman ook lid wees van die co-op en sy "groceries" daar aankoop en aan die einde van die jaar 'n "kick back" verwag. Hulle is ook meer winsgedrewe as ons.

Ek het ook met prof. Murray Fulton ontmoet. Hy is die Direkteur van die Centre en ons het gedagtes uitgeruil oor befondsing van co-ops in 'n omgewing waar groei teen 'n hoë tempo plaasvind. Hy het wye kennis oor die Saskatoon Wheat Pool waar die koöperasie so groot en gou gegroei het dat hulle, hul hefboom verhouding agteruit laat gaan het en waar die bestuur "complacent" en "arrogant" was tot die mate waar dit te laat was om die besigheid te red sonder staatshulp. Die eens grootste co-op in Kanada is in die vroeë 2000's geherstruktueer en omgeskakel in 'n maatskappy waar die lede nou geringe sê het. Graan bemerking geskied nou hoofsaaklik deur CBOT en berging van graan is al hoe meer geprivatiseer op plase.

Befondsing van co-ops kan gedoen word deur die uitreik van "debentures" maar dit werk slegs in Kanada omdat hulle 'n lae rentekoers en inflasie het. By ons is die rentekoerse net te hoog om skuldbriewe of depositos te neem. Die gedagte is egter by prof Murray gelos wat in kontak met my sal bly oor idees om goedkoper kapitaal te genereer as bloot bank lenings.

Ek is toe genooi om saam met hulle by die "University Club" te gaan eet en die middag moes ek by die Centre 'n aanbieding gee oor Grondhervorming en BEE en toe sommer ook nog oor die Zenofobiese aanvalle en standbeelde ook. (Prof Murray het met 'n Rhodes beurs aan Oxford gestudeer). Ek het na beste vermoë aan hulle die jongste stand gegee en in my beste Engels. Ek was aanvanklik op my senuwees gewees maar met hulle ontspanne atmosfeer en die mense se welwillendheid het ek gou ontspan en op die ou ent baie geniet. Miskien het dit te doen gehad met die feit dat dit Prof Murray se verjaardag ook was.

Ons het toe die aand saam gaan uiteet en daar was ander Suid Afrikaners ook by. Alles in ag genome is ek baie bly dat ek die ekskursie kon meemaak en al het dit ook net ten doel gehad dat ek die blootstelling kon kry aan hulle kultuur. Ek vertrou dat die inligting verkry uit die besoek net ons koöperatiewe ondernemingsvorm sal versterk en sal meehelp om ons besigheid verder uit te bou ten bate van ons lede. My opregte dank aan die direksie vir die geleentheid en vertrouwe om die besoek te kon meemaak.